# Jaarverslag 2017: Callie Swanepoel
# VOORSITTER: SA Boerperd Klub, Namibië

**1. INLEIDEND**

2017 was ‘n rustige jaar vir die SA Boerperd telers in Namibië.

**2. BEDANKINGS**

Dankie vir elke raadslid, asook Elize vir al julle harde werk om die ras vorentoe te vat.

**3. NAMIBIESE SA BOERPERDKLUB**

Jaar 2017 was baie rustig, maar darem nie dood nie! Ons as lede, is vol planne vir 2018.
Ons beplan om volgende jaar keuring, bestuursverkiesing, asook ‘n paar ander aktiwiteite aan te bied.

**4. KEURINGS**

Die jaar was daar nie ‘n keuring gehou nie, maar volgende jaar beplan ons sommer ‘n sentrale keuring van ±30 perde. Daar sal ongeveer 5 hingste wees en die res merries en reunperde. Die keuring sal gepaard gaan met opleiding i.v.m. teling, skou, ens. Die Raad sal genader word vir hulp in die verband.

**5. TELERS**

- Aurora SA Boerperd stoet het tans 50 SA Boerperde.
- Losberg SA Boerperd stoet het tans 40 SA Boerperde.
- Woestynland SA Boerperd stoet het tans 10 SA Boerperde.
- Suiderkruis SA Boerperd stoet het tans 2 SA Boerperde.

**6. REKLAME & KOMMUNIKASIE**

Ons *Facebook*-blad het van 658 lede in 2016 opgeskuif na 1008 lede in 2017.
Aurora-, Woestynland- en Losbergstoet se *Facebook*-blaaie se lede het ook opgeskuif van gesamentlik 900 na 1086 lede.

**7. TEN SLOTTE**

Nog ‘n jaar is verby, rustiger as gewoonlik. Ons sien uit na die nuwe jaar: nog ‘n jaar vol moontlikhede, beloftes, drome en planne.